

25 November

Skrifgedeelte: Jesaja 7:1-9

Fokusgedeelte: Jesaja 7:7, 9b (OAV)

Soos kringe rook weggedryf

Agas, die koning van Jerusalem, en sy volk is doodbang. Hulle bewe soos blaartjies in die wind (vs. 2). Hulle het al 'n keer in die hande van hierdie Arameërs geval wat hulle geen tyd tot herstel bied nie. Nou is die Arameërs met twee koninklikes wéér op pad! Watter kans tot verdediging het hulle wat ná hulle eerste val nog nie behoorlik kon opstaan nie?!

Die Here stuur Jesaja en sy seun dat hulle Agas tegemoet moet trek. Jesaja en sy kind is draers van 'n blye boodskap waarna Agas en almal saam met hom moet luister. God wil hulle wat bewe, hulle van wie hulle harte week is (letterlik: hulle weggesmelte harte) tot bedaring en rus bring. Hulle bangheid, hulle onsekerheid, ál hulle vrees moet in hulle geloof toegevoeg word. Jesaja bevestig die belangrikheid van "julle moet glo": *As julle nie glo nie, voorwaar dan sal julle nie bevestig word nie* (vs. 9b).

Hierdie twee vyandige konings wat soos vuur die volk van die Here wil vernietig, is geen vuur meer nie. Met groot sekerheid kan Jesaja (met sy seun) die verlossing uit die hande van die Arameërs aankondig: Dit wat die mens gedink het soos 'n groot vuur hom/haar sal uitbrand, word in die hande van die Here soos stukke hout wat smeulend net 'n klomp rook agterlaat. Geen vuur, geen vernietiging sal daar wees nie. *So sê die Here HERE: Dit sal nie tot stand kom nie en dit sal nie gebeur nie.*

Die Here laat die vyande van sy volk soos stukke rokende hout in hulleself uitbrand. Hulle en hulle konings sou nog vir 65 jaar smeulend rook maak en dan sal hulle tot niet wees. 'n Groot dik stomp wat bly smeul, word later ook maar net 'n houpie as. Hierdie belofte wat Jesaja met sy seun vir Agas kon gee, moes geglo word. *As julle nie glo nie ...?!* Om te glo, is die geskenk wat God aan sy kinders skenk om hulle onsekerheid en hulle vrese daarin weg te pak. Vrees wat soos vuur jou wil opbrand, word voor die geloof soos kringe rook weggedryf. Jesaja en sy seun moes geglo word, God en sy Seun moet soveel te meer geglo word.

Sing: Psalm 68:1 (Totius)

Ds. PJ Venter (Pretoria-dolerend)